NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 6 NOVEMBER 2022

**TWEE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Alta du Toit Nasorg***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Lukas 21:5-19; Jesaja 65:17-25;**
**Psalm 12; 2 Tessalonisense 3:6-13**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 6 NOVEMBER** | |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Johan Morkel<br>Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| 09:00 | Kleuterkerk |
| 09:00 | Avalon Buitelugdiens – Ds Chris Barnardo<br>DOOP<br>Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 7 NOVEMBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 8 NOVEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Mannebybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 9 NOVEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |

| DONDERDAG, 10 NOVEMBER | |
|---|---|
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Bingo & Broodjies – Moedergemeente saal |
| 18:00 | Begrotingsvergadering: Alle kommissie voorsitters & belanghebbendes |
| | Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams |
| **VRYDAG, 11 NOVEMBER** | |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 12 NOVEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 13 NOVEMBER** | |
| | BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Belydenisaflegging<br>Deuroffer ten bate van: Studente-bearbeiding<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Theo Boshoff (Othello) is tans in die hospitaal.
2. Martie Joubert (Othello) is in die hospitaal.
3. Miemmie Myburgh (Manatokalaan) se behandeling begin volgende week.
4. Marietjie Goosen (Othello) se broer is oorlede.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. **Othello Kersmark:** Saterdag 5 November 2022 van 09:00 tot 12:00
3. Ds Hannes Burger is naweek af.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER


**Alta du Toit Nasorgsentrum (Bellville)**

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme. Die hantering van kliënte word bestuur deur 'n multidissiplinêre span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, toesighouers in die werksareas, arbeidsterapeute, asook die maatskaplike werker insluit. Toegewyde personeel sorg dat AdTN vir die kliënte 'n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en onder-steuning word verseker dat ons kliënte eerstens goed versorg word, maar word daar ook omgesien na hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes. Alta du Toit Nasorgsentrum huisves 174 kliënte in vier koshuise en ontvang ook op weeksdae 59 dagsorg-kliënte in die werk- en terapeutiese areas. Die jongste kliënt is 18 jaar oud en die oudste is 'n dame van 82 jaar. Die kliënte bly by die Nasorgsentrum tot hul afsterwe. Dit veroorsaak ernstige finansiële verpligtinge wat nie voldoende deur die Staat verlig word nie. Die kliënte is spieëltjies waarin ons elke dag kan sien en bewus word van hoe groot ons dankbaarheid moet wees vir die wonderlike talente en gawes wat ons uit die Vaderhand ontvang. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer en dra ongelooflik by tot die volhoubaarheid van de Nasorgsentrum.

Marina van der Meulen | 021 913 2106 | marina@altadutoit.org.za
Webwerf: http://altadutoit.org.za

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

6/11 Renier Hagen, Carli Visser, RP De Beer
7/11 Mattie van Geems(83), Kitty de Klerk(82), Herman Hugo, Ronel le Grange
8/11 Janeke Kleinhans, Jan van der Merwe, Zita Erasmus, Alida Burger
Petro van den Heever
9/11 Joos Ras(89)
10/11 Jacques Odendal, Gerhard Roux, Almarette Swart, Pieter Streicher,
Heleen Kritzinger
11/11 Alet Marais, Albie Lintvelt(86), Peter Abrahams, Ina Laubscher
12/11 Maggie Visagie(85), Hanlie du Plessis, Janru Orlandini



# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Danksy De Eike-lidmate se ondersteuning kon Green Park, Huis De Kuilen, Huis Sonop, Nuwerus en Merweville die afgelope tyd pakkies van ***Klere & Vere*** ontvang. Dankie dat jy hierdie ***getuienisaksie*** ondersteun deur jou ou/ongebruikte items, klere, skoene of linnne vir ons kerk toe te bring.

Kinderklere en -skoene bly hoog in aanvraag. Ook speelgoed, potloodkryt, storieboeke, karretjies en legkaarte, asseblief.

Groetnis van 2 Vere

# DE EIKE KOSMANDJIE

Dankie dat jy De Eike se gasvrye omgeehart-en-hande is!

Jou bydrae tot die Kosmandjie-aksie help iemand wat nou swaarkry met verleentheid, onsekerheid en nood.
Sal jy asseblief aanhou help?

Dis sowaar nodig om aan die Feestyd te begin dink! Hierdie lysie geld dus vir die laaste kwartaal.

Melk/Suiker/Koffie
Blikkies (410g) groente/tamaties/vrugte
Soya (200g/500g)

Vla/koekies/jellie/lekkers/droëvrugte
Kondens-/idealmelk

# AKSIE SAMARITAAN BORG - 'n - HAWELOSE

Kerstyd hou ons 'n spesiale afsluiting op 16 Desember van elke jaar. Die sopkombuis sluit dan tot die eerste week in Januarie van die volgende jaar, sodat vrywilligers kan rus en die werkers hulle jaarlikse verlof kan neem.

Dit beteken egter dat die daaglikse kliënte, wat afhanklik is van die sop wat hulle by die sopkombuis kry, vir drie weke kan honger ly.

Om dit te oorkom deel ons kospakkies uit by die kersafsluiting wat hulle kan help om die tydperk wat die sopkombuis gesluit is te oorleef.

Ons deel 150 kospakkies uit en die koste beloop ongeveer R600 per pakkie. Borg asb 'n hawelose as jy 'n verdienstelike saak soek.

Art 18(a) sertifikate is beskikbaar vir donasies direk aan Aksie Samaritaan.

Kontak die kerkkantoor of vir Jakkie by 082 453 3862 vir meer inligting en/of bankbesonderhede.

# JAN KRIEL LIGGIEBOOM

## 26 November 2022

Jan Kriel se **Liggieboom 2022** is om die draai! Sluit by ons aan vir 'n familie-vriendelike aand wat optredes van beide die kinders en Bottomless Coffee Band (RAAF) insluit. Hekke en kosstalletjies open om 17h30 en die program begin 19h00. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom.
Kaartjies: R100 p/volwassene & R30 p/skolier
Kry vandag jou kaartjies www.liggieboom.co.za
Navrae: events@jankriel.co.za of 021 9030434.

# EERSTEJAARSKAMP 2023

**Wanneer**: 29 Januarie – 1 Februarie 2023
**Waar**: Bergkroon (Wellington)

**Koste**: R990

**Kruiskerk** se **Eerstejaarskamp** is elke jaar ’n onvergeetlike ervaring. Die kamp is baie gewild en die getalle word beperk tot 350 Eerstejaars (175 dames en 175 mans). Daar is ook ‘n groot groep senior studente wat saam kamp as personeel.

Kontakbesonderhede om in te skryf:
e-pos: kamp@kruiskerk.com
Kruiskerk kantoornommer: 021 883 3458

selno: 071 353 8029

(Elzaan Victor – Kampkoördineerder)

# KONSERT TBV BYBELGENOOTSKAP

Ter ondersteuning van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se 202de bestaansjaar bied hulle ‘n konsert met die bekende Afrikaanse sanger **JO BLACK** aan**.**

| | |
|---|---|
| WANNEER: | 19 November 2022 |
| TYD: | 19:00 |
| WAAR: | Kraaifontein Stadsaal |

Besprekings by Computicket

# MUUR VAN HERINNERING TUIN

Ons sê baie dankie aan tannie Marie Kühn van Othello vir die mooi maak van die tuin by die Muur van Herinnering. Dankie ook aan haar dogter Linda en haar tuinhulp John vir hul bydrae en harde werk.

Verder bedank ons ook al die lidmate wat finansieel bygedra het om dit moontlik te maak.

Gaan loer gerus daar om te sien hoe mooi dit lyk.

# AANDNAGMAAL

Die AANDNAGMAAL op 20 November soos aangedui op die almanak, vind vanjaar weer plaas na ‘n afwesigheid van 2 jaar.

Kom ons maak weer die meeste van hierdie baie spesiale geleentheid op ons kalender.

Moenie dit misloop nie!

# TIENDEMAAND DANKOFFERS

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het. Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte-mandjie geplaas word of per EFT oorbetaal word.

# KERSGESKENKE

Die afgelope 2 jaar het ons vanweë COVID nie kersgeskenke vir die kinders van VGK Koelenhof en Green Park ingesamel nie. Vanjaar maak ons weer so.

Tydens die erediens sal daar in die voorportaal ‘n Kersboom wees met kaartjies waarop die ontvanger se naam, ouderdom en geslag aangedui is.

Daar sal ook ‘n boom met kaartjies by die buitelugdiens op Avalon beskikbaar wees.

Neem gerus ‘n kaartjie, koop ‘n geskenk en maak ‘n kinderhartjie baie bly.

Ons versoek dat die waarde van die geskenke nie R100 sal oorskry nie. Die opgemaakte geskenk, met die naamkaartjie stewig daarop vasgeplak, moet asb teen 2 Desember terug wees by die kerk of kerkkantoor waarna ons dit na hulle sal versprei.

# HUIS DE KUILEN Sê DANKIE

**Geagte Gemeente**

Alle eer aan God vir ‘n wonderlike gemeente met soveel liefde en oop hande vir ons ouer persone.

Namens die Inwoners, personeel, bestuur en beheerraad van Huis de Kuilen wil ons vir elkeen wat die jaar se fondsinsameling(Buitelugfees) ondersteun het of nog gaan ondersteun, donasies en/of produkte gegee het of op die dag kom produkte koop het – Baie baie DANKIE.

Vir die volhoubaarheid van Huis de Kuilen moet daar jaarliks al meer gefokus word op fondsinsamelings en donateurs, daarom is ons so dankbaar en afhanklik van elke oop hand.

Hierdie jaar se Buitelugfees het tot in met skrywe R63 000 ingesamel.

Met ‘n dankbare hart, hartlike groete

Riaan Coetzer
Bestuurder

# NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Die afgelope 3 maande se syfers lyk as volg:

| | Augustus 2022 | September 2022 | Oktober 2022 |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 186 408 | 186 567 | 174 990 |
| Totale inkomste | 289 473 | 276 959 | 846 948 |
| Totale uitgawes | 317 215 | 344 193 | 483 913 |
| Surplus / (Tekort) | (27 742) | (67 234) | 363 035 |

Ek gee graag verdere toeligting rondom Oktober se syfers. Oktober se totale inkomste sluit R157 079 huurinkomste vir die verhuur van ons toring in. Ongelukkig verwag ons geen verdere huurinkomste vir die toring nie, aangesien die huurkontrak beëindig is.

Daar is gedurende Oktober reeds R131 895 se Tiendemaanddankoffers ontvang. Verder sluit Oktober se inkomste- en uitgawesyfers ook die Wynveiling se inkomste en uitgawes in. Die netto bedrag wat die Wynveiling ingebring het, staan op R223 543.

Laastens is ons jaarlikse versekeringspremie van nagenoeg R107 000 gedurende Oktober betaal.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# PREEKSKETS

**TEMA – ONS GOD IS ALTYD EN ONDER ALLE OMSTANDIGHEDE DAAR VIR ONS.**



Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Jesaja 40:1 - 11

Inleiding: As die mat onder jou bestaan uitgeruk word ….

1. Juda se ballingskap in Babel was ‘n baie erge ervaring.

1.1. Verskillende omstandighede kan aanleiding gee tot ons ballingskap-ervarings.

1.2. Ballingskap-ervarings maak ‘n mens moedeloos, laat jou vrae oor God vra!

2. Juda hoor die woorde van Jesaja: "*Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!*" (v.1).

2.1. Die Here sê hiermee vir Juda: Ek het julle nie vergeet nie, Ek het julle steeds lief!

2.2. Die Here sê ook vir ons vandag in ons ballingskap-ervaring: Ek het nie van jou vergeet of jou verlaat nie, Ek weet steeds van jou, Ek het jou steeds lief.

3. Die Here beloof ook vir Juda Hy sal vir hulle uitkoms gee, Hy sal hulle terugbring na Jerusalem.

3.1. Hiermee sê die Here: Ek is in beheer, Ek besluit wanneer en hoe Ek my volk sal terugbring na Jerusalem. God het dan ook op sy tyd die Jode laat terugkeer na Jerusalem.

4. Hoe pas ons hierdie boodskap van God se uitredding van Juda op ons lewens toe? Die antwoord lê in wat Jes.40 vir ons oor God sê. Jesaja 40 sê: God het sy volk bly liefhê, Hy het as die Almagtige God ingegryp. Hy is in beheer.

4.1. Omdat God die Almagtige is wat ons liefhet, het Hy sy Seun Jesus Christus na die wêreld gestuur om vir ons verlossing te bewerk!

4.2. Ons kan die boodskap van Jes.40 oor wie God is, verder in ons lewens toepas. As ons ‘n ballingskap-ervaring deurgaan, kan ons bly vashou aan die wete dat God vir ons lief bly en in beheer is.

4.3. Ons ervaar egter dat die Here nie altyd uitredding van ons ballingskap-ervarings gee nie. Ons kan egter, ongeag die uitkoms van ons ballingskap-ervarings, enduit bly vashou aan die wete dat die Here, die Almagtige,vir ons lief bly.

4.4. Uiteindelik sal Jes.40 finaal in vervulling gaan. Die dag waarop die Here soos ‘n Herder sy lammers aan sy bors sal dra na die Nuwe Jerusalem - ons finale, ewige tuiskoms!